

HOOFSTUK 7

DIE KENMOTIEF IN DIE FUNDERING VAN DIE GESAG VAN DIE APOSTELS SE LEER (1:16-21)

In hoofstuk 3 punt 6.2 is aangetoon dat 1:16-21 'n gedagte-eenheid is waarin Petrus die gesag van die apostels se leer beklemtoon. Dit is verder aangetoon dat hierdie gedagte-eenheid in die volgende kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word.

- * *Gedagte-eenheid 1* (1:16a): Die gesag van die apostels se leer is nie gefundeer op menslike versinsels nie.
- * *Gedagte-eenheid 2* (1:16b-18): Die gesag van die apostels se leer is gefundeer op wat gesien en gehoor is met die verheerliking.
- * *Gedagte-eenheid 3* (1:19-21): Die gesag van die apostels se leer is gefundeer op die profetiese woord.

Dit blyk dat die kenmotief moontlik in al drie die kleiner gedagte-eenhede funksioneer (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.4); daarom word die kenmotief in hierdie hoofstuk volgens die gedagte-eenhede bestudeer, op dieselfde wyse as in hoofstuk 6.

1. Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (1:16a-16b)

Van primêre belang is om vas te stel watter woorde die kenmotief dra. Daarna word die kenmotief in gedagte-eenheid 1 as 'n geheel bestudeer.

1.1 Die voorkoms van woorde waarin die ken-motief in gedagte-eenheid 1 na vore tree

In gedagte-eenheid 1 word twee woorde aangetref waarin die kenmotief moontlik tot uitdrukking gebring word, te wete σοφοισμένοις en ἐγνωρίσαμεν (vergelyk hoofstuk 2 punt 7.4.1).

Dit is nodig om te kontroleer of hierdie woorde wel die kenmotief in gedagte-eenheid 1 tot uitdrukking bring.

1.1.1 Σοφοισμένοις

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:225) dat σοφίζομαι in slegs een semantiese veld, te wete semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Semantiese veld 28 is verbonde aan die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en daarom kan aanvaar word dat Petrus deur die gebruik van σεσοφισμένοις die kenmotief na vore bring.

1.1.2 Ἐγνωρίσαμεν

Louw en Nida (1988ii:52) toon aan dat γνωρίζω slegs in die semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Hierdie veld is verbind aan die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Dit blyk dus dat ἐγνωρίσαμεν in 1:16 die kenmotief op die voorgrond stel.

1.1.3 Slotsom

Dit blyk dus dat σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν in gedagte-eenheid 1 die kenmotief dra.

1.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos dit in die woorde σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν tot uitdrukking kom

Om te bepaal hoe die kenmotief deur die woorde σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν in gedagte-eenheid 1 tot uitdrukking kom, word die betekenis waarvoor die woorde gebruik word eerstens gedefinieer. Daar word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, te werk gegaan om die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, te presiseer.

Nadat die betekenis waarvoor die woorde gebruik is, gedefinieer is, word die verband tussen die woorde en die res van gedagte-eenheid 1 ondersoek.

1.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor σεσοφισμένοις in 1:16 gebruik word

1.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor σεσοφισμένοις in 1:16 gebruik word

In punt 1.1.1 is aangetoon dat σεσοφισμένοις in 1:16 in die semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Binne die semantiese veld *Ken* (28) word σοφίζω in slegs een subdomein gebruik, te wete die subdomein *Ken* (A) vir een betekenis, naamlik die betekenis *om oor besondere kennis te beskik wat die vermoë insluit om iets tot stand te bring wat bekwaam saamgestel is* (28.10).

1.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne σεσοφισμένοις in 1:16 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 is semantiese veld 28, waarbinne $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 aangewend word, reeds in die geheelkonteks van ander omliggende semantiese velde geplaas. Uit die plasing in die geheelkonteks blyk dit dat $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 veronderstel dat inligting reeds verkry is.

1.2.1.3 Die subdomein waarbinne $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 is aangetoon dat die semantiese veld *Ken* (28) in die volgende vyf subdomeine verdeel kan word:

- * Ken (A).
- * Bekend (B).
- * Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar (C).
- * Kenbaar (D).
- * Onkenbaar (E).

Die kontrastering van hierdie subdomeine lewer geen tersaaklike inligting op wat van betekenis kan wees vir die nadere definiëring van die betekenis waarvoor $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 gebruik word nie.

1.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 gebruik word

In subdomein A, waarbinne $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 deur Petrus aangewend word, kom 16 betekenis voor (28.1-28.16). Die kontrastering van betekenis 28.10 met die ander betekenis in subdomein A toon dat betekenis 28.10, soos betekenis 28.9, en anders as die ander betekenis in dié subdomein, na gespesialiseerde kennis verwys. Soos in betekenis 28.7-28.9, word die klem in betekenis 28.10 geplaas op die gevolg van die kennis waarvoor beskik word. Die gevolg van die kennis wat in betekenis 28.10 ter sprake is, verskil egter van die gevolge wat in die ander betekenis vervat is. In betekenis 28.7 lei die kennis tot 'n vermoë om 'n spesifieke doel te bereik. Die betekenis wat in 28.8 ter sprake is, maak vaardige optrede moontlik en die kennis wat in betekenis 28.9 ter sprake is, lei tot die vaardigheid om 'n doel te bereik. In betekenis 28.10 lê die klem egter daarop dat die kennis die vermoë behels om iets tot stand te bring wat vaardig saamgestel is.

Die kontrastering van betekenis 28.10 met ander betekenis in dieselfde subdomein, laat dus blyk dat die woord $\sigma\epsilon\sigma\phi\iota\sigma\mu\acute{\epsilon}\nu\omicron\iota\varsigma$ in 1:16 twee betekenis-komponente omvat. Dié betekenis beklemtoon eerstens *die besit van gespesialiseerde kennis* en tweedens *dat hierdie kennis die vermoë behels om dit wat vaardig saamgestel is, voort te bring*.

1.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord σεσοφισμένοις in 1:16 gebruik word

Die woord σεσοφισμένοις in 1:16 behels dat inligting reeds verkry is. Die woord omvat twee betekenis-komponente: eerstens word klem gelê op die besit van gespesialiseerde kennis en tweedens word benadruk dat hierdie kennis die vermoë behels om dit wat vaardig saam gestel is, voort te bring.

Die betekenis waarvoor die woord σεσοφισμένοις gebruik word, kan in Afrikaans met *vaardig* of met *vernuftig* weergegee word.

1.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word

1.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν in 1:16 aangewend word

Γνωρίζω word in die semantiese veld *Ken* (28) in subdomein *Ken* (A) en subdomein *Bekend* (B) aangewend (Louw & Nida, 1988i:334, 336). Dit is duidelik dat Petrus in 1:16 nie oor die besit van inligting handel nie. Hy handel in 1:16 oor die bekendmaking van inligting aan die lesers en daarom kan aanvaar word dat Petrus die woord in subdomein B aanwend. In hierdie subdomein word die woord aangewend vir die betekenis *om te veroorsaak dat inligting by iemand bekend is* (28.26).

1.2.2.2 Die semantiese veld waarbinne ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Daar is reeds in hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 aangetoon dat die plasing van die semantiese veld 28 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde laat blyk dat die betekenis in veld 28 die verkry van kennis veronderstel.

Die plasing van die veld waarbinne ἐγνωρίσαμεν voorkom in die konteks van omliggende velde, toon dus dat die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν gebruik word, veronderstel dat inligting reeds verkry is.

1.2.2.3 Die subdomein waarbinne ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 is aangetoon dat die semantiese veld *Ken* (28), waarbinne ἐγνωρίσαμεν in 1:16 aangewend word, in vyf subdomeine verdeel kan word (vergeelyk punt

1.2.1.3 waar die subdomeine ook aangedui is). Die kontrastering van hierdie subdomeine werp geen nuwe lig op die betekenis waarvoor die woord ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word nie.

1.2.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word

Uit Louw en Nida (1988i:336-8) is dit duidelik dat daar binne subdomein B elf betekenis voorkom (28.17-28.27). Dit blyk dat al die betekenis met inligting verband hou. Betekenis 28.26, waarvoor ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word, laat egter nie die klem, soos betekenis 28.17-18.19, 28.21, en anders as die ander betekenis, op die inhoud van die inligting val nie. Betekenis 28.26 deel die betekenis-komponent *bekend wees* met betekenis 28.17-28.18; 28.20-28.25 en 28.27. Betekenis 28.26 verskil egter met genoemde betekenis deurdat dit die klem daarop laat val dat *veroorzaak word dat inligting bekend is by iemand*.

1.2.2.5 Die betekenis waarvoor die woord ἐγνωρίσαμεν gebruik word

Die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν gebruik word, omvat drie betekenis-komponente. Hierdie betekenis omvat die komponent *bekend word* en die komponent *inligting*. Die derde komponent, waarop die klem val, is die komponent *veroorzaak dat iets gebeur*. Die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν gebruik word, handel dus daaroor dat veroorsaak word dat inligting by iemand bekend raak. Die betekenis veronderstel die voorafverkryging van kennis.

Die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν gebruik word, kan in Afrikaans met *bekend maak* weergegee word.

1.2.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos dit in die woorde σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν tot uitdrukking kom

1.2.3.1 Die persone wat veroorsaak het dat die inligting aan die lesers bekend geraak het

Wanneer 1:16-18 in sy geheel gelees word, wil dit voorkom of Petrus met "ons" in 1:16a verwys na homself en die ander twee apostels wat tydens die verheerliking teenwoordig was, te wete Jakobus en Johannes (vergelyk Mt. 17:1; Mk. 9:2 en Lk. 9:28). Dit is immers duidelik dat die mense wat *bekend gemaak het* ook die mense is wat tydens die verheerliking teenwoordig was. Die feit dat die apostel nooit persoonlik aan die lesers die evangelie verkondig het nie (Van Houweling, 1988:68-78), laat die vraag ontstaan hoe die skrywer homself kan insluit en sê "ons" het inligting aan die lesers bekend gemaak.

Dit blyk dat die skrywer nie bedoel dat hy die inligting tydens persoonlike kontak met die lesers aan hulle bekend gemaak het nie. Hy het die inligting deur die apostels, wat wel met hulle kontak gehad het, aan hulle bekend gemaak. Daar kan daarom aangeneem word dat die skrywer met "ons" in 1:16 na homself verwys en na die ander apostels wat met die lesers persoonlike kontak gehad het.

Die persone wat die inligting bekend gemaak het, was dus Petrus en die ander apostels. Petrus het die inligting deur die ander apostels aan die lesers bekend gemaak.

1.2.3.2 Die hoedanigheid van die persone wat die inligting bekend gemaak het

Die persone wat die inligting bekend gemaak het, word nie in 1:16 uitdruklik apostels genoem nie; tog is dit duidelik dat "ons" verwys na meer as net gelowiges wat sekere sake aan die lesers bekend gemaak het. Petrus beklemtoon in 1:16 dat hy en die ander apostels tydens die verheerliking *persoonlik* die gebeure aanskou het (vergelyk punt 2.3.2.1). Dit laat blyk dat Petrus met "ons" na hom en die apostels verwys as mense wat deur Jesus Christus geroep en gestuur is. Dit wat Petrus van homself in 1:1 bekend gemaak het, te wete dat hy 'n slaaf en 'n apostel van Jesus Christus is, is ter sake. Die mense wat aan die lesers bekend gemaak het - en dit sluit Petrus in (vergelyk punt 1.2.3.1) - het in gehoorsaamheid en in opdrag van Jesus Christus, die inligting bekend gemaak (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.2).

Die persone wat die inligting aan die lesers bekend gemaak het, is dus Petrus en die ander apostels in hulle hoedanigheid as mense wat deur Jesus Christus gestuur is en in onderdanigheid aan hom opgetree het.

1.2.3.3 Die inligting wat bekend gemaak is

Die apostels het volgens 1:16 aan die lesers die *δύναμιν καὶ παρουσίαν* bekend gemaak.

Bauckham (1983:215), Fornberg (1977:79) en Van Houweling (1988:134) toon aan dat die skrywer *δύναμιν* en *παρουσίαν* in 1:16 as hendiadis gebruik. Dit blyk dat Petrus en die apostels die *magtige koms* van Jesus Christus aan die lesers bekend gemaak het.

Die vraag ontstaan egter of Petrus met die "magtige koms" van Jesus Christus na sy eerste koms of na sy wederkoms verwys. In verband met die eerste koms van Christus wys Van Houweling (1988:134) daarop dat "de komst van Christus in de wereld op zichzelf juist niet zijn heerlijkheid weerspiegelde; zijn glorie werd pas later openbaar". Dit blyk beter te wees om te aanvaar dat Petrus na die wederkoms verwys. Hierdie standpunt word ondersteun deur die feit dat eskatologiese gebeure in 2 Petrus 3 sterk op die voorgrond gestel word.

Petrus beklemtoon dus dat hy en die apostels aan die lesers die magtige koms van Jesus Christus bekend gemaak het.

1.2.3.4 Ἐγνωρίσαμεν ἐν σεσοφισμένοις

Petrus ontken in 1:16 uitdruklik dat die apostels vernuftige fabels (σεσοφισμένοις μύθοις) nagevolg het toe hulle aan die lesers die magtige koms van Christus bekend gemaak het.

Die woord μύθοις word volgens Louw en Nida (1988ii:166) slegs in die semantiese veld *Kommunikasie* gebruik en wel vir die betekenis 'n *legendariese storie of verslag, normaalweg in verband met bonatuurlike wesens, gebeure of kulturele helde* ((33.13); Louw en Nida, 1988i:390-391). In die Nuwe Testament word hierdie woord altyd in 'n negatiewe konnotasie gebruik (Bauckham, 1983:214; Louw & Nida, 1988i:390). Deur die gebruik van σεσοφισμένοις saam met μύθοις beklemtoon Petrus die oorsprong van die stories wat hy ter sprake bring. Hy het legendariese stories in die oog wat deur die mens se vernuf tot stand gebring is.

Volgens Grundmann (1974:80 en Schelkle (1988:179) blyk dit uit hierdie ontkenning dat die valse leraars mense was wat gnostiese mites nagevolg het.

Dit wil egter eerder voorkom of Petrus slegs iets wil duidelik maak aangaande dit wat aan die lesers bekend gemaak is en hy nie na die valse leraars verwys nie. Die feit dat Petrus in die opvolgende verse (1:16b-21) die goddelike oorsprong van dit wat bekend gemaak is, beklemtoon, bevestig die interpretasie dat hy nie in 1:16a iets oor die valse leraars laat blyk nie. Hy maak eers duidelik dat dit wat bekend gemaak is, nie 'n menslike oorsprong het nie, en verduidelik daarna watter oorsprong dit wel het.

Petrus beklemtoon dus in 1:16a vir die lesers dat die inligting wat aan hulle bekend gemaak is, nie legendariese stories is wat menslike vernuf as oorsprong het nie.

2. Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (1:16c-18)

2.1 Ἐγνωρίσαμεν ἐν gedagte-eenheid 2

Dit is uit die gedagtestruktuurontleding in hoofstuk 3 punt 6.2 duidelik dat Petrus in 1:16b-18 dit wat aan die lesers bekend gemaak is (ἐγνωρίσαμεν), fundeer op dit wat die apostels tydens die verheerliking aanskou en gehoor het. Dit blyk daarom belangrik te wees om in punt 2 aandag te gee aan die verband van ἐγνωρίσαμεν in 1:16 met gedagte-eenheid 2.

2.2 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief na vore kom in gedagte-eenheid 2

In gedagte-eenheid 2 kom die volgende woorde voor wat, soos in hoofstuk 3 punt 7.4.2 aangetoon is, moontlik die kenmotief na vore bring:

- * Γενεθέντες (1:16).
- * Λαβών (1:17).
- * Εὐδόκησα (1:17).
- * ἠκούσαμεν (1:18).

Hierdie vier woorde word nou ondersoek om te bepaal of die kenmotief werklik deur die gebruikmaking van hierdie woorde na vore kom.

2.2.1 Γενηθέντες

Louw en Nida (1988i:360) toon aan dat γίνομαι in een veld voorkom wat aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), te wete die semantiese veld *Dink* (30). In hierdie veld word γίνομαι egter slegs as deel van twee idiome aangewend (vergelyk betekenis 30.77 en 30.78). Dit is duidelik dat Petrus γενηθέντες nie as deel van 'n idioom aanwend nie en daarom kan aanvaar word dat hy dit in 'n ander semantiese veld gebruik.

Dit blyk dus dat γενηθέντες in 1:16 nie die kenmotief na vore bring nie.

2.2.2 Λαβών

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:150) dat λαμβάνω in elf semantiese velde aangewend word, waarvan twee met die kenmotief verbind is, te wete semantiese veld *Dink* (30) en semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* ((31); vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Dit is egter ooglopend dat Petrus λαβών nie met verwysing na een van hierdie twee semantiese velde gebruik nie, aangesien hy 'n mededeling maak oor iets wat aan Jesus Christus gegee is en wat Hy *ontvang het*. Λαβών word dus in 1:16 gebruik in semantiese veld *Besit, Oordra, Ruil* (57).

Dit is dus duidelik dat λαβών in 1:16 nie die kenmotief laat figureer nie.

2.2.3 Εὐδόκησα

In punt 2.3.2.4 word aangetoon dat die woorde εἰς ὃν ἐγὼ εὐδοκῆσα 'n "rough translation" (Green, 1977:84) is van Jesaja 42:1 en dat hierdie woorde in Jesaja 42 handel oor die kneg wat God uitgekies het om 'n opdrag uit te voer. Hierdie verband tussen die woorde wat God

volgens 1:18 tot Jesus gerig het, dui daarop dat Petrus die woord εὐδοκῆσα gebruik in die semantiese veld *Dink* (30) en in subdomein *Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir* (F) gebruik (Louw en Nida, 1988i:362). Semantiese veld 30 is verbind aan die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en dit blyk dus dat die kenmotief deur die gebruik van εὐδοκῆσα in 1:17 na vore gebring word.

2.2.4 ἤκούσαμεν

Volgens Louw en Nida (1988ii:8) word ἀκούω in agt semantiese velde gebruik waarvan een, naamlik *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Uit die konteks van 1:18 is dit egter duidelik dat Petrus met ἤκούσαμεν verwys na sintuiglike waarneming, wat hy en die ander twee apostels by die verheerliking ervaar het: hulle het naamlik 'n stem uit die hemel *gehoor*. Die woord ἤκούσαμεν in 1:18 word dus in die semantiese veld *Sensoriese gebeure en toestande* (24) gebruik (vergelyk Louw en Nida, 1988i:282).

Die kenmotief word dus nie deur die woord na vore gebring nie.

2.2.5 Slotsom

Dit blyk dat die kenmotief in gedagte-eenheid 2 nie deur γεννηθέντες, λαβών en ἤκούσαμεν na vore gebring word nie, maar wel deur εὐδοκῆσα.

2.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos dit in die woord εὐδοκῆσα tot uitdrukking kom

Ten einde vas te stel hoe die woord εὐδοκῆσα die kenmotief in gedagte-eenheid 2 tot uitdrukking bring, word die betekenis waarvoor εὐδοκῆσα gebruik word, eerstens ondersoek. Hierdie ondersoek word gedoen volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 beskryf is. In die tweede plek word aandag geskenk aan die verhouding tussen hierdie woorde en die res van gedagte-eenheid 2.

2.3.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord εὐδοκῆσα in 1:17 gebruik word

2.3.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor εὐδοκῆσα in 1:17 gebruik word

Uit punt 2.1.3 is dit duidelik dat Petrus die woord εὐδοκῆσα in 1:17 gebruik in die subdomein *Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir* (F). Louw en Nida (1988i:362)

maak dit duidelik dat εὐδοκέω in hierdie subdomein gebruik word vir die betekenis *Om 'n keuse te maak op grond van die feit dat iets of iemand beter is* (30.90).

2.3.1.2 Die semantiese veld waarbinne εὐδοκήσα in 1:17 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Uit hoofstuk 5 punt 2.4.6.2 is dit duidelik dat semantiese veld 30 nou verbind is met semantiese veld Ken (28) en dat semantiese veld 30 beskou kan word as opvolgend op semantiese veld *Ken* (28). Dit het geblyk dat, terwyl veld 28 oor die besit van inligting handel, veld 30 die beheer en verwerking van inligting behels. Hierdie beheer en verwerking van inligting lei dikwels tot 'n besluit en keuse.

Die kontrastering van die semantiese veld waarbinne εὐδοκήσα in 1:17 gebruik word met ander velde, laat dus blyk dat εὐδοκήσα in 1:17 met die beheer en verwerking van inligting verband hou en dat die maak van 'n keuse ter sprake mag wees.

2.3.1.3 Die subdomein waarbinne εὐδοκήσα in 1:17 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Dit is uit hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 duidelik dat daar in semantiese veld *Dink* (30) die volgende sewe subdomeine voorkom:

- * Om te dink, Gedagte (A).
- * Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- * Om aangaande toekomstige gebeure te dink (C) .
- * Om van voorneme te wees, Te beplan, Te bedoel (D).
- * Om te besluit, Om tot 'n gevolgtrekking te kom (E).
- * Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F).
- * Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Dit is uit die kontrastering van subdomein F met die omliggende subdomeine in hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 duidelik dat subdomein F met die beheer en verwerking van inligting te doen het. Dit blyk ook dat hierdie verwerking en beheer van inligting verband hou met die maak van 'n keuse.

2.3.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne εὐδοκήσα in 1:17 gebruik word

Louw en Nida (1988i:361-363) laat blyk dat daar in die subdomein *Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir* (F), waarbinne die woord εὐδοκήσα in 1:17 gebruik word, twee

en twintig betekenisse (30.86-30.107) voorkom. Soos in punt 2.3.1.1 aangetoon, word εὐδοκῆσα in 1:17 vir betekenis 30.90 gebruik.

Dit blyk dat betekenisse 30.95-30.99, anders as al die ander betekenisse in subdomein F, betrekking het op 'n keuse wat gemaak word op grond van die meriete van die gekose objek. Wanneer betekenis 30.97 met die betekenisse 30.95-30.99 gekontrasteer word, is dit duidelik dat die keuse volgens betekenis 30.97 nie (soos wel in 30.95) die klem op groter waarde laat val nie, en ook nie (soos in betekenis 30.98) op die feit dat iets die moeite werd of gepas is nie. Anders as betekenis 30.96, waar die klem op die *maak van 'n keuse* val, word in betekenis 30.97 beklemtoon dat die persoon wat die keuse maak, die objek wat gekies word, goed, beter of verkiesliker *ag*. Die betekeniskomponent *beoordeel* ontvang ook nie klem, soos in betekenis 30.99, nie.

Die kontrastering van betekenis 30.97 met die ander betekenisse, laat blyk dat εὐδοκῆσα in 1:17 die basis waarop 'n keuse gemaak word op die voorgrond stel. In die maak van die keuse word beklemtoon dat die persoon wat die keuse maak, die objek wat gekies word, goed, beter of verkiesliker *ag*.

2.3.1.5 Die betekenis waarvoor die woord εὐδοκῆσα in 1:17 gebruik word

Εὐδοκῆσα hou verband met die beheer en verwerk van inligting asook met die maak van 'n keuse (vergelyk punte 3.2.1.1-3.2.1.5). Die keuse wat gemaak word, het betrekking op die meriete van die objek wat gekies word. In die maak van die keuse word beklemtoon dat die persoon wat die keuse maak, die objek wat gekies word goed, beter of verkiesliker *ag*.

Die woord kan in Afrikaans met "verkieslik *ag*" weer gegee word.

2.3.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos dit in die woorde ἐγνωρίσαμεν¹ en εὐδοκῆσα tot uitdrukking kom

2.3.2.1 Ἐγνωρίσαμεν en die apostels as ooggetuies

Petrus ontken in 1:16 eerstens dat die leer van die apostels oor die koms van Christus gefundeer is op legendariese stories wat op menslike oorsprong berus (vergelyk punt 1.2.3.4). Ná hierdie ontkenning, maak hy in 1:16 duidelik dat die mense wat die inligting bekend gemaak het, ooggetuies was (ἐπόπται γεννηθέντες).

¹ Vergelyk in verband met ἐγνωρίσαμεν punt 2.1.

Verskeie skrywers verbind Petrus se gebruik van die woord ἐπόπται met die gebruik van die woord in die misteriegodsdiens van daardie tyd. Frankemölle (1990:97) stel dat die woord ἐπόπται "ein häufiges Wort der Mysteriensprache ist, um das gläubige Sehen der Göttlichen Tiefendimension der Wirklichkeit festzuhalten". Ook Fornberg (1977:123) sê dat die apostels deur die gebruik van hierdie woord vergelyk word met "those who received the highest initiation in e.g. Eleusinian mysteries, and thus saw Kore reveal herself". (Vergelyk ook Kahmann, 1983:49 en Matter, 1980:111.)

Volgens Louw en Nida (1988i:282) word die woord ἐπόπται gebruik in die semantiese veld *Sensoriese gebeure en toestande vir die betekenis iemand wat persoonlik 'n gebeure aanskou het en wat daarom persoonlike kennis het; en iemand van wie verwag kan word om verslag te gee van die gebeure (24.46).*

Wanneer die konteks waarbinne die woord in 1:16 gebruik word, in ag geneem word, is dit duidelik dat Petrus nie wil beklemtoon dat hy en die ander twee apostels een of ander soort mistieke kennis ontvang het nie, maar eerder dat hierdie apostels persoonlik die verheerliking aanskou het. Die feit dat hulle die inligting persoonlik ontvang het, word immers ook in 1:18 vermeld wanneer Petrus stel dat hulle die stem gehoor het (ἠκούσαμεν).

Dit blyk dus dat Petrus deur die gebruik van die woord ἐπόπται dit wil benadruk dat die inligting wat aan die lesers bekend gemaak is, deur persoonlike waarneming deur die apostels verkry is en dat hierdie inligting daarom betroubaar is.

2.3.2.2 Ἐγνωρίσαμεν en die majesteit van Jesus Christus (1:16c)

Die inhoud van die dinge wat die apostel persoonlik aanskou het, word ook in 1:16 gestel. Volgens 1:16 het die apostels Jesus Christus se majesteit (μεγαλειότητος) aanskou.

Louw en Nida (1988ii:157) toon dat die woord μεγαλειότης in twee semantiese velde gebruik word, te wete *Krag, Mag (76)* en *Status (87)*. Die feit dat Petrus reeds in 1:16 die magtige (weder)koms van Jesus Christus ter sprake gebring het (vergelyk punt 1.2.3.3), dui aan dat Petrus nie met die woord μεγαλειότητος Jesus se status aan die orde wil stel nie, maar sy krag. Daar kan dus aanvaar word dat hy die woord in semantiese veld 76 aanwend vir die betekenis wat Louw en Nida (1988i:680) definieer as *'n Manifestasie van groot krag (76.2)*.

Petrus beklemtoon dus dat hy en die ander twee apostels 'n manifestasie van Jesus Christus se groot krag aanskou het.

Dit is belangrik om daarop te let dat die manifestasie van Jesus Christus se groot krag tydens die verheerliking, volgens 1:16 met die magtige koms van Jesus Christus met die wederkoms

verband hou. Dit blyk dat die aanskouing van 'n manifestasie van Jesus Christus se groot mag tot gevolg gehad het dat die aanskouers daarvan die magtige koms van Jesus Christus bekend kon maak. Hierdie interpretasie word bevestig deur die feit dat daar ook elders in die Skrif 'n verband tussen die verheerliking van Jesus Christus en sy wederkoms gelê word. Lane (1975:312) toon aan dat die verheerliking van Jesus Christus in Markus 9:2-8 deur Markus as 'n heenwysing na die wederkoms gestel word. Lane stel dit so:

"The transfiguration was a momentary, but real (and witnessed) manifestation of Jesus' sovereign power which pointed beyond itself to the parousia, when he will come 'with power and glory' (ch.13:26)".

Dit blyk dus dat apostels die inligting, wat hulle oor die magtige koms van Jesus Christus bekend gemaak het, ontvang het toe hulle die manifestasie van Jesus Christus se groot krag aanskou het.

2.3.2.3 Die verband van ἐγνώρισάμεν met die eer en heerlikheid wat Jesus Christus van God die Vader ontvang het

Petrus verklaar die majesteit van Jesus Christus wat hy en die apostels tydens die verheerliking aanskou het, nader wanneer hy sê dat Jesus Christus eer (τιμήν) en heerlikheid (δόξαν) van God die Vader ontvang het.

Volgens Green (1977:1983), Kelly (1969:319), Mayor (1965:105), Mounce (1982:117-118) en Schelkle (1988:199) verwys τιμήν na die eer wat aan Jesus Christus bewys is deur die stem wat gespreek het, en δόξαν, na die lig wat uit hom gestraal het tydens die verheerliking. Picirilli (1963:127) oortuig egter wanneer hy daarop wys dat so 'n onderskeiding baie onnatuurlik is. Hy sê: "... the most reasonable application seems to be to refer both 'honor' and 'glory' to the whole of events transpiring during the transfiguration. Specific breakdowns are usually artificial". Bauckham (1983:217) toon ook aan dat τιμήν en δόξαν 'n "natural pair" is (vergelyk Heb. 8:6; 1 Pt. 1:7 en Ps. 8:6 Septuaginta).

Dit blyk daarom dat Petrus wil aandui dat Jesus Christus tydens die allesinsluitende gebeure van die verheerliking, eer en heerlikheid ontvang het.

Die oorsprong van die eer en heerlikheid wat Christus ontvang het, word duidelik aangedui met die woorde παρὰ θεοῦ πατρός. Jesus Christus het die eer en heerlikheid van God die Vader ontvang. Dit is duidelik dat Petrus daarmee nie net die oorsprong van die eer en heerlikheid aantoon nie, maar ook die oorsprong van dit wat die apostels aan die lesers bekend gemaak het. Hulle het verkondig wat hulle aanskou het, en dit wat hulle aanskou het, kom van God die Vader af.

Petrus maak dit dus vir die lesers duidelik dat die inligting wat aan hulle bekend gemaak is, 'n goddelike oorsprong het - God die Vader het dit duidelik gemaak toe Hy eer en heerlikheid aan Jesus Christus gegee het.

2.3.2.4 Die verband van ἐγνωρίσαμεν en εὐδοκήσα met die stem wat tot Jesus Christus gekom het

In 1:17 word nie net duidelik gemaak dat Jesus Christus eer en heerlikheid van God die Vader ontvang het nie, maar ook dat daar 'n stem tot Hom gekom het (φωνῆς ἐνεχθείσης αὐτῷ).

Dit blyk dat Petrus deur die genitief absolutus φωνῆς ἐνεχθείσης αὐτῷ τοιᾶσδε die tydstip aandui toe Jesus Christus hierdie eer en heerlikheid ontvang het (Greijdanus, 1929:272-273). Hy het dit ontvang toe die stem tot Hom gekom het.

Saam met Bolkestein (1977:266), Groenewald (1977:120) en Mayor (1965:cxiii) kan aanvaar word dat die skrywer deur die voorsetselfrase ὑπὸ τῆς μεγαλοπρεποῦς δόξης in 1:17 die oorsprong van hierdie stem wat tot Christus gekom het, wil aandui.

Kommentatore (vergelyk byvoorbeeld Bauckham, 1983:218; Groenewald, 1977:120; Van Houweling, 1993:47; Green, 1977:84) toon aan dat μεγαλοπρεποῦς δόξης in 1:17 as 'n omskrywing van God dien. Dit blyk daarom dat hierdie omskrywing vir God deur Petrus in die semantiese veld *Bonatuurlike wesens en kragte* gebruik word (vergelyk Louw & Nida, 1988i:139). In hierdie veld word dit vir die betekenis *Verhewe Heerlikheid, Majesteitlike Heerlikheid* gebruik (Louw & Nida, 1988i:139).

Dit is duidelik dat Petrus die groot heerlikheid van die Persoon van wie die stem tot Jesus Christus gekom het, beklemtoon. Die stem wat tot Jesus Christus gekom het, kom van Majesteitlike Heerlikheid af. Daarmee maak Petrus ook meer bekend van die stem self. Hy beklemtoon deur hierdie omskrywing van God dat die stem wat tot Jesus Christus gekom het, gesag dra.

Petrus dui ook die woorde van die stem aan, te wete: ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός μου οὗτος ἐστὶν εἰς ὃν ἐγὼ εὐδόκησα.

Verskeie skrywers (Bauckham, 1983:207; Ridderbos, 1978:85; Van Houweling, 1993:38) stel dat die woorde ὁ υἱός μου wat tydens die verheerlikingsgebeure tot Christus gerig is, 'n verwysing is na Psalm 2:7. Hierdie standpunt word bevestig deur die feit dat Petrus in 1:18 skryf dat die verheerlikingsgebeure op die "heilige" (ἀγίω) berg plaasgevind het. In die Septuaginta Psalm 2:6 word gesê: "Ἐγὼ δὲ κατεστάθην βασιλεὺς ὑπ' αὐτοῦ ἐπὶ Σιών ὄρος

τὸ ἅγιον αὐτοῦ ...". Dit is duidelik dat die skrywer deur die woorde ἄγιω ὅρει in 1:18 doelbewus die gebeure tydens die verheerliking wil verbind met dit wat in Psalm 2 vermeld word.

Wanneer in ag geneem word dat Petrus nie alle woorde wat tydens die verheerliking van Christus tot Christus gerig is, weergee nie (hy laat byvoorbeeld die woorde αὐτοῦ ἀκούετε wat in Mt. 17:5; Mk. 9:7 en Lk. 9:35 vermeld word, weg), en dat hy, anders as die sinoptiese evangelies, die woorde ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός μου voorop plaas, kan aanvaar word dat Petrus 'n rede het waarom hy spesifiek hierdie woorde vir die lesers aanhaal. Dit blyk dat die skrywer die woorde ὁ υἱός μου ὁ ἀγαπητός μου, wat tydens die verheerliking tot Christus gerig is, aan die lesers voorhou as profetiese vervulling van Psalm 2.

Die feit dat die onderwerping van alle vyande en 'n wêreldheerskappy in Psalm 2, aan die aanwysing as God se Seun verbind word, gee ook 'n aanduiding waarom die skrywer hierdie woorde van die verheerliking aanhaal. Die skrywer wil by implikasie vir die lesers duidelik maak dat God aan hom en die ander twee apostels geopenbaar het dat Jesus Christus as die Wêreldheerser uitgekies is en dat dit die wyse is waarop Hy met sy wederkoms gaan verskyn.

Die ooreenkoms tussen die woorde ὁ ἀγαπητός μου οὗτος ἐστὶν εἰς ὃν ἐγὼ εὐδόκησα in 1:17 en Jesaja 42:1 is baie opvallend en daar kan met Green (1977:84) saam gestem word dat hierdie woorde 'n "rough translation" is van Jesaja 42:1.

In die gedeelte waarin hierdie woorde in Jesaja voorkom, word die bondsvolk geïdentifiseer as die kneg van die Here, maar tegelykertyd word die kneg ook geteken as iemand meer as die volk - iemand wat dinge moes doen waarin die bondsvolk misluk het (Helberg, 1976:156).

Die kneg word deur Jesaja met die woord בַּחֲרִירִי aangewys as die een wat God uitgekies het om die opdrag uit te voer en met die woord רִצְוֶה dat God welbehag in hom het (vergelyk Beuken, 1979:109).

'n Vraag wat relevant is vir hierdie studie, is waarom Petrus hierdie spesifieke woorde, wat tydens die verheerliking tot Christus gerig is, aanhaal, terwyl hy ander woorde wat gespreek is, weglaat (soos vroeër gestel, laat hy αὐτοῦ ἀκούετε wat in Mattteus 17:5; Markus 9:7 en Lukas 9:35 verhaal word, weg). Dit blyk dat Petrus dit onder die aandag van die lesers bring dat toe God die Vader tydens die verheerliking die woorde ὁ ἀγαπητός μου οὗτος ἐστὶν εἰς ὃν ἐγὼ εὐδόκησα tot Christus gerig het, Hy aan die apostels wat teenwoordig was, bekend gemaak het dat Jesus Christus die Een is waarvan Jesaja gespreek het. Hy is die Een wat God uitgekies het (vergelyk punt 2.3.1.5 vir die betekenis waarvoor die woord εὐδόκησα in 1:17 gebruik word) vir die besondere taak.

Die konteks waarin die woorde in Jesaja voorkom, is ook van verdere belang. Die kneg van die Here word volgens Jesaja 43:1 uitgekies as die Een wat die oordeel oor die nasies sal uitvoer. Young (1977:111) wys daarop dat, indien die woorde "Hy sal die reg na die nasies uitbring" in Jesaja 42:1, saam met Jesaja 42:4 gelees word, dit duidelik is dat Jesaja met hierdie woorde oor meer as net die verkondiging van die reg handel. Hy sê: "The servant by virtue of the Spirit causes judgement to go out (probably from Zion) throughout the world". Dit word duidelik dat Petrus, deur spesifiek hierdie woorde ὁ ἀγαπητός μου οὗτος ἐστὶν εἰς ὃν ἐγὼ ἐβδόκησα, wat tot Jesus gerig is, aan te haal, wil aantoon dat Hy deur God uitgekies is as die Een wat, soos Jesaja geprofeteer het, die oordeel oor die hele wêreld sal laat uitgaan.

Uit die voorgaande blyk dit dat Petrus aan die lesers duidelik maak dat Jesus Christus met volle goddelike gesag uitgekies is as die Een wat volgens die profesie van Psalm 2 wêreldheerser is en volgens die profesie van Psalm 42 uitgekies is om die oordeel oor die wêreld uit te voer.

Dit word duidelik dat Petrus vir die lesers beklemtoon dat die dinge wat aan hulle bekend gemaak is oor die magtige koms van Jesus Christus, gesagvol is. Hulle het self waargeneem dat Jesus Christus met volle goddelike gesag uitgekies is as wêreldheerser en as die een wat uitgekies is om die wêreld te oordeel.

3. Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (1:19-21)

Ten einde te bepaal hoe die kenmotief in gedagte-eenheid 3 figureer, word eerstens vasgestel watter woord/e in gedagte-eenheid 3 die kenmotief in die gedagte-eenheid na vore bring. In hierdie ondersoek word aandag gegee aan ἐγνωρίσαμεν wat in 1:16 gebruik word, en aan die woorde, wat volgens hoofstuk 3 punt 7.4.1, moontlik die kenmotief dra.

Nadat bepaal is watter woorde in gedagte-eenheid 3 die kenmotief dra, word ondersoek ingestel na die kenmotief in gedagte-eenheid 3, soos dit deur hierdie woorde gedra word.

3.1 Ἐγνωρίσαμεν (1:16) en gedagte-eenheid 3

Volgens hoofstuk 3 punt 6.2 dien dit wat Petrus in 1:19-21 stel, as fundering vir die gesag van dit wat die apostels aan die lesers bekend gemaak het (ἐγνωρίσαμεν in 1:16). Dit is daarom van belang om die verband wat ἐγνωρίσαμεν met gedagte-eenheid 3 het te ondersoek.

3.2 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief na vore kom in gedagte-eenheid 3

Die volgende woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree, kom in gedagte-eenheid 3 voor (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.4.3):

- * ἔχομεν(1:19).
- * βεβαιότερον (1:19).
- * ποιεῖτε (1:19).
- * προσέχοντες (1:19).
- * καρδίας (1:19).
- * γινώσκοντες (1:20).
- * γίνεται (1:20).
- * θελήματι (1:21).

Daar word nou verder ondersoek ingestel of Petrus deur hierdie woorde die kenmotief na vore bring.

3.2.1 Ἐχομεν

Louw en Nida (1988ii:111-112) toon aan dat die woord ἔχω in tien semantiese velde aangewend word. Slegs een van hierdie velde, te wete semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) is aan die kenmotief verbind. Daar moet egter in ag geneem word dat Petrus in 1:19 begin om die tweede grond aan te toon waarop die leer van die apostels gefundeer is. Hy wil dus duidelik maak dat die apostels hulle nie net op die gebeure tydens die verheerliking beroep nie, maar ook op iets anders. Daar kan daarom aanvaar word dat Petrus duidelik wil maak watter ander grond die apostels het: hulle het (besit) ook die profetiese woord. Dit blyk dus dat Petrus ἔχομεν in semantiese veld *Besit, Oordra, Ruil* (57) aanwend (vergelyk punt 3.3.4.4 vir verdere beredenering). Die kenmotief kom dus nie deur die gebruik van ἔχομεν na vore nie.

3.2.2 Βεβαιότερον

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:45) duidelik dat die woord βέβαιος in drie semantiese velde aangewend word, waarvan een, te wete *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). In semantiese veld 31 verwys βέβαιος na die betekenis *om die vermoë te hê om op gesteun te word of van afhanklik te wees* (31.90).

In 2 Petrus 2 toon Petrus baie duidelik dat hy die Ou Testament as betroubaar ag wanneer hy in 2:5-8 uit die Ou Testament (Gn.5 en 19) aantoon dat God weet om die onregverdiges te straf en die vromes te verlos (vergelyk hoofstuk 9 punte 1.2.2.2.2 en 1.2.2.2.3). Petrus se siening van die Ou Testament kom ook in hoofstuk 3 na vore. Hy toon byvoorbeeld in 3:5-7 aan dat die spotters sekere feite uit die Ou Testament (Gn.1 en Gn. 6) vergeet (vergelyk hoofstuk 9 punt 2.2.4.3) en herinner die lesers in 3:8 aan die Ou Testament (vergelyk

hoofstuk 9 punt 2.2.4.5). Dit blyk dus dat Petrus in 1:19 eerstens wil duidelik maak dat die Ou Testament betroubaar is, oftewel vertrou kan word.

Hieruit is dit duidelik dat Petrus die woord βεβαιότερον in 1:19 gebruik in die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Semantiese veld 31 is aan die kenmotief verbind (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en dit blyk dus dat die woord βεβαιότερον die kenmotief na vore bring.

3.2.3 Ποιέιτε

Volgens Louw en Nida (1988ii:201) word ποιέω in agt semantiese velde gebruik, waarvan slegs semantiese veld *Ken* (28) aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Louw en Nida (1988ii:201) toon egter ook aan dat ποιέω in hierdie semantiese veld gebruik word slegs as deel van 'n idioom. Aangesien ποιέιτε in 1:19 nie in hierdie idioom gebruik word nie, kan aanvaar word dat die kenmotief nie deur die gebruik van die woord na vore kom nie.

3.2.4 Προσέχοντες

Louw en Nida (1988ii:210) toon aan dat προέχω in vier semantiese velde gebruik word, te wete *Leer* (27), *Dink* (30) 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Aspek* (68). Die eerste drie velde is, soos in hoofstuk 1 punt 5 aangetoon is, aan die kenmotief verbind en indien die woord deur Petrus in hierdie velde aangewend word, kom die kenmotief deur die gebruik van die woord tot uitdrukking.

Petrus vergelyk in 1:19 die profetiese woord met 'n lamp wat in die donker skyn. Indien Petrus die aanmoediging in 1:19 προσέχοντες in die semantiese veld *Dink* (30) aanwend vir die betekenis *om deeglike aandag te gee, met die moontlike implikasie van instemming* ((30.35); vergelyk Louw & Nida, 1988i:354), pas dit baie goed by die vergelyking in. Soos iemand noukeurig ag gee op die lamp wat skyn, so moet die lesers noukeurig ag gee op die profetiese woord. Dit blyk dus dat προσέχοντες in 1:19 in semantiese veld *Dink* (30) aangewend word en dus wel die kenmotief laat figureer.

3.2.5 Καρδίας

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:130) duidelik dat καρδία in verskeie semantiese velde wat aan die kenmotief gekoppel is, aangewend word. Wanneer die woord egter in hierdie velde aangewend word, is dit telkens deel van 'n idioom. In 1:19 is καρδίας nie deel van 'n idioom nie en kan aanvaar word dat die woord nie die kenmotief na vore bring nie.

3.2.6 Γίνεται

Louw en Nida (1988ii:51) toon aan dat γίνομαι in ses semantiese velde gebruik word, waarvan slegs die semantiese veld *Dink* (30) aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Wanneer γίνεται egter in hierdie veld aangewend word, is dit deel van 'n idioom. Dit is duidelik dat Petrus nie γίνεται in 1:20 as deel van 'n idioom gebruik nie, en daarom nie die kenmotief dra nie

3.2.7 Γινώσκοντες

Γινώσκω kan in vier semantiese velde gebruik word wat aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), te wete *Leer* (27), *Ken* (28), 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Verstaan* ((32); vergelyk Louw & Nida (1988ii:51-52). Uit die konteks van gedagte-eenheid 3 is dit duidelik dat Petrus met die woord γινώσκοντες wil beklemtoon dat die lesers die inligting moet hê oor die dinge wat hy in 1:19 oor die profesie van die Skrif vir hulle duidelik maak. Daar kan daarom aanvaar word dat die woord γινώσκοντες in 1:19 in die semantiese veld *Ken* (28) figureer, en wel vir die betekenis *om inligting te besit oor* (28.1) aangewend word.

3.2.8 Θέληματι

Louw en Nida (1988ii:118) toon aan dat θέλημα in twee semantiese velde, te wete *Houdings en emosies* (25) en *Dink* (30) aangewend word. Slegs semantiese veld 30 is aan die kenmotief verbind (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Uit die res van gedagte-eenheid 3 is dit duidelik dat Petrus in 1:21 deur θέλημα die motiefkomponent *begeerte* na vore bring wanneer hy sê dat geen profesie deur die wil (θέλημα) van 'n mens voortgebring is nie. Petrus wend dus die woord θέλημα in die semantiese veld *Houdings en emosies* (25) aan vir die betekenis *dit wat begeer word* (25.2). Daar kan daarom aanvaar word dat θέληματι in 1:21 nie die kenmotief na vore bring nie.

3.2.9 Slotsom

Uit bogenoemde blyk dat die kenmotief in gedagte-eenheid 3 nie deur ἔχομεν, ποιεῖτε καρδίαις, γίνεται en θελήματι gedra word nie, maar wel deur βεβαιότερον, προσέχοντες en γινώσκοντες. Soos in punt 2.1 aangetoon is, is dit ook van belang om met betrekking tot die kenmotief in gedagte-eenheid 2, aandag te gee aan ἐγνωρίσαμεν wat in gedagte-eenheid 1 voorkom.

3.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 soos dit in die woorde ἐγνωρίσαμεν, βεβαιότερον, προσέχοντες en γινώσκοντες tot uitdrukking kom

Om die plek van die kenmotief in gedagte-eenheid 3 soos dit in die woorde ἐγνωρίσαμεν² [(1)], βεβαιότερον, προσέχοντες en γινώσκοντες tot uitdrukking kom, te bepaal, word die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, eerstens gedefinieer.

Hierdie definiëring word gedoen volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit word. Nadat die betekenis waarvoor die woorde gebruik is, gedefinieer is, word aandag gegee aan die verhouding tussen hierdie woorde en die res van gedagte-eenheid 3.

3.3.1 **Definiëring van die betekenis waarvoor die woord βεβαιότερον in 1:19 gebruik word**

3.3.1.1 **Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor βεβαιότερον in 1:19 gebruik word**

Daar is in punt 3.2.2 aangetoon dat Petrus βεβαιότερον in semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) gebruik. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:377) dat βέβαιος in semantiese veld 31 in slegs een subdomein aangewend word, te wete *Vertrou, Steun op* (I). In hierdie subdomein word dit, soos in punt 3.2.2 aangetoon, gebruik vir die betekenis *om die vermoë te hê om op gesteun te word of van afhanklik te wees* (31.90).

3.3.1.2 **Die semantiese veld waarbinne βεβαιότερον in 1:19 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde**

Semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) is in hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Daar kan uit hierdie plasing in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde afgelei word dat βεβαιότερον in 1:19 verband hou met inligting wat reeds verwerk is en waarvoor reeds tot 'n besluit gekom is.

3.3.1.3 **Die subdomein waarbinne βεβαιότερον in 1:19 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine**

Uit Louw en Nida (1988i:365) is dit duidelik dat semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in die volgende subdomeine verdeel kan word:

- * 'n *Opinie hê, 'n Perspektief handhaaf* (A).
- * *Om 'n verkeerde perspektief te hê, Misreken* (B).

² Die betekenis waarvoor ἐγνωρίσαμεν in 1:16 gebruik word, is reeds bepaal (vergelyk punt 1.2.2) en daar word nie weer aandag geskenk aan die betekenis waarvoor die woord gebruik word nie.

- * Saam stem, Eenstemmigheid (C).
- * Erken (D).
- * Veronderstel, As moontlik ag (E).
- * Glo iets is waar (F).
- * As waar aanvaar (G).
- * Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid (H).
- * Vertrou, Steun op (I).
- * Om 'n gelowige te wees, Christelike geloof (J).

Die kontrastering van subdomein I, waarin βεβαιότερον aangewend word, met die ander subdomeine in semantiese veld 31, toon dat die betekenis in subdomeine I-J verband hou met inligting wat tot 'n groter mate verwerk is en waaroor tot 'n meer vasstaande besluit gekom is as die betekenis in subdomeine A-H. Wanneer subdomein I met subdomein J gekontrasteer word, blyk dit dat die klem in subdomein J op inligting wat met Jesus Christus verband hou, val terwyl dit nie noodwendig die geval is met subdomein I nie.

Dit is uit die plasing van subdomein I in die geheelkonteks van ander subdomeine duidelik dat βεβαιότερον met vaste oortuigings in verband gebring kan word.

3.3.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne βεβαιότερον in 1:19 gebruik word

Louw en Nida (1988i:376-378) maak dit duidelik dat daar in subdomein *Vertrou, Steun op (I)* twintig betekenis voorkom (31.82-31.101)

Anders as betekenis 31.82-31.86 en 31.91-31.101 val die klem in betekenis 31.90, waarvoor βεβαιότερον in 1:19 gebruik word, asook in betekenis 31.87-31.89 op die betroubaarheid van iets of iemand. Betekenis 31.90 verskil van betekenis 31.87-31.89 daarin dat betekenis 31.90 die *vermoë om iets te doen* op die voorgrond stel. Volgens die betekenis, het iemand dus die vermoë om op gesteun te word of van afhanklik te wees.

Die kontrastering van betekenis 31.90 met ander betekenis in dieselfde subdomein laat dus blyk dat βεβαιότερον in 1:19 die betekenis-komponent *vermoë besit*, benadruk. Die vermoë wat ter sprake is, is om in staat te wees om op gesteun te word, of van afhanklik te wees.

3.3.1.5 Die betekenis waarvoor die woord βεβαιότερον in 1:19 gebruik word

Dit blyk uit die voorafgaande vier punte dat βεβαιότερον in 1:19 verband hou met vaste oortuigings. βεβαιότερον in 1:19 stel die vermoë op die voorgrond. Hierdie vermoë het betrekking op die vermoë om op gesteun te word of van afhanklik te wees.

Die betekenis waarvoor βεβαιότερον in 1:19 gebruik word, kan in Afrikaans met *uiters betroubaar* weer gegee word.

3.3.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord προσέχοντες in 1:19 gebruik word

3.3.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor προσέχοντες in 1:19 gebruik word

In punt 3.3.4 is reeds aangetoon dat προσέχοντες in 1:19 aangewend word vir die betekenis *om deeglike aandag te gee, met die moontlike implikasie van instemming* (30.35). Dit is uit Louw en Nida (1988i:349) duidelik dat betekenis 30.35 in subdomein *Om te dink, Gedagte* (A) aangewend word.

Προσέχοντες word dus in 1:19 in subdomein A vir betekenis 30.35 gebruik.

3.3.2.2 Die semantiese veld waarbinne προσέχοντες in 1:19 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Uit die plasing van die semantiese veld *Dink* (30) in die geheelkonteks van ander semantiese velde (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.4.6.2) is dit duidelik dat semantiese veld 30 nou met semantiese veld *Ken* (28) verbind is en as opvolgend op veld 28 beskou kan word. Volgens die bevindings in hoofstuk 5 handel veld 28 oor die besit van inligting terwyl veld 30 oor die beheer en verwerking van inligting handel.

Uit hierdie bevindings kan afgelei word dat die betekenis waarvoor προσέχοντες gebruik word, met die beheer en verwerking van inligting te doen het.

3.3.2.3 Die subdomein waarbinne προσέχοντες in 1:19 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Daar is in hoofstuk 6 punt 4.2.3.3 aangetoon dat semantiese veld *Dink* (30) in die volgende sewe subdomeine verdeel kan word:

- * Om te dink, Gedagte (A).
- * Om oor iets te dink, met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- * Om oor toekomstige gebeure te dink (C).
- * Om van plan te wees, Om 'n doelstelling te hê. Om te beplan (D).
- * Om te besluit, Om tot die gevolgtrekking te kom (E).
- * Om te kies, om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F).

* Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Uit die kontrastering van subdomein A (waarin die woord προσέχοντες voorkom) met die ander subdomeine in semantiese veld 30 (vergelyk hoofstuk 6 punt 4.2.3.3) is dit duidelik dat προσέχοντες na die hantering en verwerking van inligting verwys.

3.3.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenisse binne die subdomein waarin προσέχοντες in 1:19 gebruik word

Soos in hoofstuk 6 punt 4.2.3.4 aangetoon is, kom daar agt en dertig betekenisse in subdomein *Om te dink, Gedagte* (A) voor (30.1-30.38). Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:349-354) dat in betekenisse 30.31-30.38, anders as in die ander betekenisse in subdomein A, die betekeniskomponent *aandag gee* benadruk word. Wanneer betekenis 30.35, waarvoor Petrus προσέχοντες in 1:19 gebruik, met betekenisse 35.31-30.34 en 30.36-30.38 gekontrasteer word, blyk dit dat die klem in betekenis 30.35 baie nou verwant is aan betekenis 30.34, aangesien albei die betekeniskomponent *noukeurige aandag aan iets gee*, omvat. In betekenis 30.34 is die *buitengewone* gee van noukeurige aandag egter ter sake, terwyl dit in betekenis 30.35 nie ter sake is nie. 'n Betekeniskomponent wat uniek is aan betekenis 30.35, is dat die moontlike implikasie dat ingestem word, in betekenis 30.35 aan die orde kom. Die gee van noukeurige aandag behels dus moontlik 'n instemming.

3.3.2.5 Die betekenis waarvoor die woord προσέχοντες in 1:19 gebruik word

Dit blyk uit die voorafgaande studie oor die woord προσέχοντες in 1:19 dat die woord met die beheer en verwerking van inligting te doen het. In die betekenis waarvoor die woord gebruik word, figureer die betekeniskomponent *noukeurig aandag gee* sterk sonder dat dit buitengewoon noukeurige aandag behels. Die noukeurige aandag wat gegee word, behels 'n moontlike instemming.

3.3.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord γινώσκοντες in 1:19 gebruik word

In hoofstuk 6 punt 1.2.2 is die betekenis waarvoor γινώσκοντες in 1:20 aangewend word, reeds gedefinieer. Daaruit blyk dit dat Petrus die woord γινώσκοντες gebruik om in die algemeen die besit van inligting aan te dui.

Die betekenis waarvoor die woord γινώσκοντες gebruik word, kan in Afrikaans met die woord *weet* weergegee word.

3.3.4 Die verband van ἐγνωρίσαμεν, βεβαιότερον, προσέχοντες en γινώσκοντες met die res van gedagte-eenheid 3

Voordat die verband tussen ἐγνωρίσαμεν, βεβαιότερον, προσέχοντες en γινώσκοντες met gedagte-eenheid 3 aandag kan geniet, word eerstens ondersoek ingestel waarna Petrus verwys met die woorde προφητικὸν λόγον en tweedens wie die persone is wat die profetiese woord besit.

3.3.4.1 Die profetiese woord en die Ou Testament

Navorsers verskil grootliks oor die vraag waarna die skrywer met die woorde προφητικὸν λόγον in 1:19 verwys.

Neyrey (1980ii:514-516) is van mening dat προφητικὸν λόγον verwys na die verheerliking wat in 1:16-18 beskryf is. Petrus verwys egter ook in 1:20 na hierdie profetiese woord en gebruik dan die woorde προφητεία γραφῆς. Dit is onwaarskynlik dat hy na die verheerliking, wat sigbaar en hoorbaar was, as "skrifte" sal verwys.

Fornberg (1977:82) wys daarop dat die uitdrukking προφητικὸν λόγον deur verskeie skrywers, onder andere deur Klemens en Philo, gebruik is wanneer hulle na spesifieke Skrifgedeeltes verwys. Daaruit lei hy af dat die skrywer van 2 Petrus ook met hierdie uitdrukking na 'n spesifieke Skrifgedeelte verwys. Dit is egter moontlik dat Petrus ook die uitdrukking προφητικὸν λόγον anders as hierdie skrywers kan gebruik. Dit blyk die beste alternatief te wees om uit die konteks waarbinne dit gebruik word, af te lei wat die skrywer daarmee bedoel.

Die feit dat Petrus in 2 Petrus na verskeie Ou-Testamentiese gedeeltes verwys (vergelyk hoofstuk 2 punt 5.2), laat blyk dat hy met die uitdrukking προφητικὸν λόγον na "dass ganze Zeugnis des AT" (Schelkle, 1988:200) verwys. Hierdie interpretasie word ondersteun deur die feit dat Petrus in 2:1 na die valse profete van die hele Ou-Testamentiese tydperk verwys. Hierdie verwysing veronderstel dat Petrus in die voorafgaande verse oor die Ou-Testamentiese geskifte gehandel het (Bauckham, 1983:224).

3.3.4.2 Die persone wat die profetiese woord het

Petrus stel dit in 1:19 dat "ons" die profetiese woord het. Volgens Knoch (1990) sluit die eerste persoon meervoud ἔχομεν die skrywer en die geadresseerdes in. Kelly (1969:320) is ook van mening dat dit al die getroue gelowiges insluit en nie net die "chosen apostles" nie. Hierteenoor stel Frankemölle (1990:98): "Das apostlosche Wir kulminiert und ist konzentriert im Ich des Petrus (1:12,15)."

Wanneer egter in ag geneem word dat Petrus nog steeds dit wat hy in 1:16 gestel het, beredeneer (vergelyk hoofstuk 3, punt 6.2), blyk dit dat die eerste persoon meervoud na dieselfde persone verwys as waarna dit in 1:16 verwys het, te wete die drie apostels wat tydens die verheerliking teenwoordig was en die apostels wat aan die lesers die evangelie verkondig het.

3.3.4.3 βεβαιότερον en die profetiese woord

Sommige navorsers meen dat die skrywer met die frase καὶ ἔχομεν βεβαιότερον wil stel dat die profetiese woord sekerder is as die stem uit die hemel wat in die vorige verse ter sprake was (Bigg, 1969:kkk; Frankemölle, 1990:98; Green, 1977:86-87; Hiebert, 1984ii:159-160).

Ander navorsers is van mening dat die skrywer met hierdie frase wil duidelik maak dat die profetiese woord deur die verheerlikingsgebeure bevestig word (Bolkestein, 1977:267; Grundmann, 1974:84; Van Houweling, 1993:48).

In albei bogenoemde interpretasies word die woord βεβαιότερον as 'n komparatief verklaar. Neyrey (1980ii:515) toon egter aan dat dit in Koine-Grieks moontlik is om die βεβαιότερον as 'n intensiverende superlatief te verstaan en dat dit dus vertaal kan word as "baie betroubaar" (vergelyk ook Bauckham, 1983:223 en Reicke, 1982:158). Hiervolgens wil Petrus dus sê dat hy en die ander apostels die profetiese woord, wat *baie betroubaar is*, besit het. In die lig daarvan dat Petrus in 1:16c-18 die goddelike oorsprong van dit wat met die verheerliking geopenbaar is, beklemtoon het (vergelyk punt 2.3.2.4), sou dit eienaardig wees as hy in 1:19 die openbaring as minderwaardig stel teenoor die Ou Testament. Dit is dus waarskynlik dat Petrus βεβαιότερον as intensiverende superlatief gebruik.

Petrus maak dit dus in 1:20 duidelik dat die Ou Testament baie betroubaar is - daar kan ten volle daarop gesteun word (vergelyk punt 3.3.1.5 vir die betekenis waarvoor die woord βεβαιότερον gebruik word).

3.3.4.4 Ἐγνωρίσαμεν en die profetiese woord wat baie betroubaar is

In hoofstuk 3 punt 6.2 is aangetoon dat Petrus in 1:19 begin om die tweede grond te beredeneer waarop dit wat aan die lesers bekend gemaak is, gefundeer is. Petrus stel in 1:19 dat hy en die ander apostels die profetiese woord het (ἔχομεν).

Dit blyk uit punt 3.2.1 dat die woord ἔχομεν in die semantiese veld *Besit, Oordra, Ruil* (57) aangewend word vir die betekenis *om iets te hê en wel in die tegniese sin om daaroor beheer te hê* (vergelyk Louw en Nida, 1988i:558).

Dit word duidelik dat Petrus met sy stelling dat hulle die profetiese woord *het*, vir die lesers wil beklemtoon dat hy en die ander apostels, in dit wat hulle aan die lesers bekend gemaak het, die profetiese woord gehad het.

Die feit dat Petrus spesifiek die betroubaarheid van die profetiese woord beklemtoon, toon aan dat hy geen twyfel wil laat oor die betroubaarheid van die inligting wat die apostels aan die lesers bekend gemaak het nie. Dit wat die apostels bekend gemaak het, rus op die profetiese woord en hierdie woord is baie betroubaar. Dit wat oor die koms van Jesus Christus bekend gemaak is, is dus ook baie betroubaar.

3.3.4.5 Ἐγνωρίσαμεν, προσέχοντες en die profetiese woord

Nadat Petrus in 1:19 duidelik gemaak het dat dit wat die apostels bekend gemaak het, op die profetiese woord gegrond is, moedig hy die lesers aan om ag te gee op hierdie profetiese woord. Die oorgang in 1:19 vanaf die eerste persoon meervoud (ἔχομεν) na die tweede persoon meervoud (καλῶς ποιεῖτε προσέχοντες) is baie opvallend.

Die skrywer bring dit onder die lesers se aandag dat hulle 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die profetiese woord - dieselfde profetiese woord waarop die apostels die bekendmaking van die magtige koms van Jesus Christus gefundeer het (vergelyk punt 3.3.4.4). Hulle moet instemmend en noukeurig daarop ag gee (vergelyk punt 3.3.2.5 vir die betekenis waarvoor die woord προσέχοντες gebruik word).

Die vraag kan gevra word waarom die apostel sy redevoering as't ware onderbreek en die lesers aanmoedig. Hy is immers, so blyk dit uit punt 3.3.4.4, besig om aan te toon dat dit wat aan die lesers bekend gemaak is, op die profetiese woord gefundeer is. Waarom onderbreek hy homself deur eers die lesers aan te moedig om ag te gee op die profetiese woord?

Wanneer 3:4 nagegaan word, is dit duidelik dat die spotters wat sou kom, dit wat die apostels bekend gemaak het, betwyfel het. Dit blyk dat hulle met hul spotvraag 'Waar is die belofte van sy koms?' juis die magtige koms van Jesus Christus, wat die apostels bekend gemaak het, betwyfel het. Dië wyse waarop Petrus die twyfelvraag van die spotters beantwoord, is veelseggend. Hy beantwoord dit met die profetiese woord, wat Petrus in 1:19 ter sprake bring wanneer hy telkens na die Ou Testament verwys. Daaruit blyk die rede waarom Petrus homself as 't ware onderbreek en die lesers oproep om op die profetiese woord ag te gee. Die lesers sal slegs kan vashou aan dit wat bekend gemaak is oor die koms van Jesus Christus indien hulle noukeurig en instemmend ag gee op die betroubare profetiese woord.

Wanneer Petrus die lesers oproep om noukeurig aandag aan die profetiese woord te gee, gebruik hy 'n beeld om nader te verduidelik wat hy bedoel. Hy sê dat hulle noukeurig op die profetiese woord moet let soos op 'n lig wat in 'n donker plek skyn (ὡς λύχνῳ φαίνοντι ἐν ἀόχμηρῷ τόπῳ). Daar kan met Picirilli (1963:137) saamgestem word as hy sê:

"Peter does not mean to give heed to the prophetic word ... like one would give heed to a lamp in a dark place, but to give heed to it, since it is, by metaphor, a lamp in a dark place."

Deur hierdie beeld beskryf Petrus enersyds die lesers en hulle situasie en andersyds die profetiese woord.

Dit is uit die brief duidelik dat die lesers gekonfronteer sou word met 'n valse leer (vergelyk 2:1 en 3:3-4) en dat daar inderdaad mense sal wees wat hierdie valse leraars gaan navolg (vergelyk 2:2, 18). Die situasie van verwarring waarin die lesers as gevolg van die valse leraars se valse leer en spot mag kom, word waarskynlik deur Petrus met 'n donker plek (ἐν ἀόχμηρῷ τόπῳ) vergelyk. In hierdie donkerte skyn (φαίνοντι) die profetiese woord soos 'n lamp (λύχνῳ).

Die woord λύχνῳ verwys volgens Louw en Nida (1988i:66) na 'n staander wat ontwerp is om 'n enkele lamp of 'n reeks lampe te hou. Hiebert (1984ii:161) toon aan dat Petrus met λύχνῳ na 'n draagbare lamp verwys wat snags in die huis lig verskaf het. Die woord φαίνοντι word gebruik vir die betekenis om te skyn of lig te produseer (vergelyk Louw & Nida, 1988i:173). Petrus maak dus deur hierdie beeld duidelik dat, indien die lesers op die profetiese woord let, hulle, soos die mense in 'n huis waar 'n lig brand, nie deur die duisternis oorweldig sal word nie. Indien die lesers noukeurig op die woord ag gee, sal hulle in staat wees om aan dit wat aan hulle oor die magtige koms van Jesus Christus bekend gemaak is, vas te hou.

In 1:19 word ook aangedui tot wanneer die lesers op die profetiese woord ag moet gee. Die lesers moet op die profetiese woord let totdat die dag aanbreek (ἡμέρα διαύγᾶς).

Picirilli (1963:139) noem drie moontlikhede waarna Petrus met die uitdrukking ἕως οὗ ἡμέρα διαύγᾶς verwys:

- * Wanneer die sondaar daartoe gelei word om Christus te ken (vergelyk Cox, 1875:183).
- * Wanneer die jong Christen daartoe gekom het om 'n helder visie te hê van Christus.
- * Wanneer die Here terug keer met die wederkoms.

Die feit dat die skrywer reeds vanaf 1:16 die wederkoms aan die orde gestel het, maak dit duidelik dat die uitdrukking na die wederkoms verwys. Met die wederkoms van Christus sal die donkerte van die tyd waarin die lesers lewe, verdwyn soos die dag die donkerte van die nag laat verdwyn (vergelyk Boehmer, 1923:228-229).

Die lesers moet dus in die donker tyd waarin hulle leef noukeurig aandag gee aan die profetiese woord tot die wederkoms aanbreek en daar weer lig sal wees.

Petrus beskryf die tyd tot wanneer die lesers aan die profetiese woord aandag moet gee met 'n tweede beeld. Die lesers moet aan die woord aandag gee tot die môrester (φωσφόρος) in hulle harte (καρδίαις) opgaan (ἀνατείλη).

Volgens Openbaring 22:16 verklaar Christus self dat Hy die "blink môrester" (ὁ ἄστηρ ὁ λαμπρός) is. Dit blyk dat die verwysing na die morestêr in Openbaring 22 'n verwysing is na Numeri 24:17 (Mounce, 1977:395). Baie verklaarders (onder andere Bauckham, 1983:226; Groenewald, 1977:121; Kelly, 1969:322; Mounce, 1982:120; Paulsen, 1992:121) huldig die standpunt dat Petrus in 1:17 na Numeri 24:17 verwys en dat φωσφόρος ook in 1:17 'n verwysing na Jesus Christus is.

Die probleem met hierdie verklaring is egter dat Petrus in 1:19 stel dat die môrester in die harte van die lesers sal opgaan. Volgens Kelly (1969:323) is hierdie die begin van 'n poging om aan die eskatologie "a personal and even psychological orientation" te gee. Schelkle (1988:200) sê die skrywer verstaan die eskatologiese dag "individueel-psygologies".

Saam met Kahmann (1983:53-4) kan egter aanvaar word dat die skrywer nie die wederkoms individueel psigologies vereng nie. Hy maak deur die beeld van die morestêr, wat in die lesers se hart opgaan, duidelik dat die eindvoltooïing die gelowige individueel raak (vergelyk ook Fornberg, 1977:85 en Groenewald, 1977:121).

Dit wat in Openbaring 2:28 van die môrester gesê word, werp verdere lig op wat Petrus in 1:19 bedoel. Grové (1992:152-153) toon aan dat die môrester wat volgens Openbaring 2:28 aan elke gelowige gegee sal word, waarskynlik impliseer dat die gelowiges as oorwinnaars saam met Christus by sy terugkoms heerskappy sal voer. Dit blyk dat Petrus 'n soortgelyke gedagte by die lesers wil tuisbring. Die konteks waarin Petrus na die môrester verwys, laat egter nie die klem val op die heerskappy van Christus waarin die lesers sal deel nie. Petrus stel in 1:19 'n sterk kontras tussen lig en duisternis. Dit is daarom duidelik dat Petrus met die woorde "môrester opgaan in julle harte" wil duidelik maak dat die lesers sal deel in die lig wat Christus, die Môrester, met sy wederkoms sal bring. Petrus wil dus volgens 1:19 hê dat die lesers noukeurig aandag moet gee aan die profetiese woord tot die dag wanneer hulle, met die wederkoms, sal deel in die lig wat Christus bring.

Uit bostaande blyk dit dus dat Petrus die lesers oproep om instemmend en noukeurig ag te gee op die betroubare profetiese woord. Deur noukeurig ag te gee op die profetiese woord, sal hulle in staat wees om, te midde van die verwarring wat die valse leraars skep, vas te hou aan

die inligting wat die apostels aangaande die magtige koms van Jesus Christus bekend gemaak het. Indien hulle noukeurig ag gee op die profetiese woord, sal hulle nie deur die valse leraars verwar word nie en sal hulle staande bly tot op die dag van die wederkoms, wanneer Jesus Christus, die Môrestêr, vir elkeen wat ag gegee het, die helder lig sal bring.

3.3.4.6 Ἐγνωρίσαμεν, προσέχοντες, γινώσκοντες en die profesie van die Skrif

In 1:20 druk Petrus dit die lesers op die hart dat hulle sekere inligting aangaande die profesie van die Skrif moet besit (vergelyk punt 3.3.3 vir die betekens waarvoor die woord γινώσκοντες in 1:21 gebruik word). Dit is duidelik dat Petrus met die uitdrukking "profetiese Skrif" aansluit by die uitdrukking "profetiese woord" in 1:19 en dat hy daarmee, soos in 1:19, na die Ou Testament as geheel verwys (Van Houweling, 1993:52). Daar is egter groot meningverskil na watter inligting aangaande die profesie van die Skrif die skrywer verwys.

Sommige eksegete stel dat die skrywer in 1:20 oor die *interpretasie* van die profesie van die Skrif handel (Bowman, 1962:167; Kruger, 1993:588; Kahmann, 1983:54; Molland, 1955:67-85 en Willemze, 1919:76).

Daarteenoor is ander eksegete (Calvyn, 1976:343; Green, 1977:89-91; Louw, 1965:202-212) oortuig dat die skrywer die oorsprong van die Skrif aan die orde stel.

Die interpretasie van die woorde ἰδίας, ἐπιλύσεως, en γίνεται blyk van belang te wees om te verstaan wat Petrus aan die lesers oordra (vergelyk Thomson, 1896-1897:331). Uit Bauckham (1983:229-231) se bestudering van bogenoemde woorde, is dit duidelik dat daar nie op grond van die terminologie wat gebruik word, beslis kan word of die skrywer die ontstaan of interpretasie van die profesie van die Skrif aan die orde stel nie. Dit blyk dat daar uit die konteks bepaal moet word of Petrus na die interpretasie of die ontstaan van die Skrif verwys.

Uit die konteks blyk dit meer aanvaarbaar te wees dat Petrus in 1:19 die ontstaan van die profesie van die Skrif aan die orde stel. Petrus het in 1:16a beklemtoon dat dit wat hy en die apostels aan die lesers bekend gemaak het, nie, soos die legendariese stories, 'n menslike oorsprong het nie. In 1:16-18 fundeer hy dit wat hy en die apostels aan die lesers bekend gemaak het op die verheerliking van Jesus Christus wat die drie apostels aanskou het (vergelyk punt 2.3.2.1). In hierdie begroning word die goddelike oorsprong van die openbaring ook beklemtoon (vergelyk punt 2.3.2.2). In 1:19-21 begroot Petrus dit wat aan die lesers bekend gemaak is op die profetiese woord (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2). Daar sou verwag kon word dat hy, wanneer hy hierdie tweede grond stel, weereens die goddelike oorsprong sou beklemtoon.

Dit blyk dus die beste te wees om te aanvaar dat Petrus γίνεται in die semantiese veld *Te wees, Word, Bestaan, Gebeur* (13) gebruik vir die betekenis *ontstaan* (vergelyk Louw en Nida, 1988i:158, betekenis 13.80). ἰδίως, ἐπιλύσεως verwys dan volgens hierdie verstaan van die teks na die profete se eie interpretasie van die openbaring wat hy ontvang het (vergelyk Hiebert, 1989:83). Petrus maak dit dus duidelik dat geen profesie van die Skrif ooit ontstaan het op grond van die eie interpretasie van die profete, aan wie God geopenbaar het nie.

Dit word duidelik dat Petrus die klem op die goddelike oorsprong van die Skrif laat val.

Hierdie goddelike oorsprong van die Skrif word verder in 1:21 beklemtoon wanneer Petrus eerstens duidelik maak dat geen profesie ooit deur die wil van 'n *mens* tot stand gekom het nie, en hy daarna die goddelike oorsprong beklemtoon deur te benadruk dat die profete deur die *Heilige Gees* gedryf is en dat wat hulle gespreek het, van *God* af is.

4. Gevolgtrekkings

4.1 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (1:16a-16b)

- 4.1.1 Die woorde σεσοφισμένοις en ἐγνωρίσαμεν dra in gedagte-eenheid 1 die kenmotief.
- 4.1.2 Die woorde σεσοφισμένοις beklemtoon die besit van gespesialiseerde kennis en die feit dat hierdie kennis die vermoë behels om dit wat vaardig saam gestel is, voort te bring.
- 4.1.3 Ἐγνωρίσαμεν verwys na die veroorsaking dat inligting by iemand bekend word. Die betekenis veronderstel die voorafverkryging van kennis.
- 4.1.4 Petrus en die ander twee apostels wat tydens die verheerliking van Jesus Christus teenwoordig was, saam met die ander apostels wat aan die lesers die evangelie verkondig het, is die persone wat veroorsaak het dat inligting by die lesers bekend raak.
- 4.1.5 Toe hierdie apostels die inligting bekend gemaak het, het hulle dit in hulle hoedanigheid as gesante van Jesus Christus gedoen en in onderdanigheid aan Hom.
- 4.1.6 Die apostels het aan die lesers Jesus Christus se magtige koms met die wederkoms bekend gemaak.
- 4.1.7 Die skrywer beklemtoon dat die inligting wat aan die lesers bekend gemaak is, nie legendariese stories is wat menslike vernuf as oorsprong het nie.

4.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (1:16c-18)

- 4.2.1 In gedagte-eenheid 2 kom een woord voor wat die kenmotief dra, te wete εὐδοκῆσα in 1:17. Ἐγνωρίσαμεν, wat in gedagte-eenheid 1 voorkom, bring ook in gedagte-eenheid 2 die kenmotief na vore.
- 4.2.2 Εὐδοκῆσα in 1:17 hou met die beheer en verwerk van inligting verband asook met die kom tot 'n keuse. Die meriete van die objek wat gekies word, is ter sake by die maak van die keuse. Die betekenis waarvoor εὐδοκῆσα gebruik word, beklemtoon dat die persoon wat die keuse maak, die objek of persoon wat gekies word, goed, beter of verkiesliker ag.
- 4.2.3 Petrus beklemtoon dat die inligting wat aan die lesers bekend gemaak is, betroubaar is, want die mense wat dit bekend gemaak het, het dit deur persoonlike waarneming verkry.
- 4.2.4 Die apostels het die inligting wat hulle bekend gemaak het, ontvang toe hulle tydens die verheerliking 'n manifestasie van Jesus Christus se groot mag aanskou het.
- 4.2.5 Petrus beklemtoon dit dat die inligting wat hulle aan die lesers bekend gemaak het, 'n goddelike oorsprong het - God die Vader het dit duidelik gemaak toe Hy eer en heerlikheid aan Jesus Christus gegee het.
- 4.2.6 Toe die apostels die inligting ontvang het aangaande die magtige wederkoms van Jesus Christus, het hulle waargeneem dat Jesus Christus met volle goddelike gesag uitgekies is as die Wêreldheerser en as die een wat uitgekies is om die wêreld te oordeel.

4.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (1:19-21)

- 4.3.1 In gedagte-eenheid 3 kom die volgende woorde voor wat die kenmotief laat figureer: βεβαιότερον (1:19), προσέχοντες (1:19) en γινώσκοντες (1:20).
- 4.3.2 Βεβαιότερον in 1:19 hou verband met die vaste oortuigings. Die woorde verwys na die vermoë om op gesteun te word en van afhanklik te wees.
- 4.3.3 Die woord προσέχοντες in 1:19 hou verband met die beheer en verwerking van inligting. Hierdie woord verwys na noukeurige aandag gee, sonder dat dit buitengewone aandag behels. Die aandag wat gegee word, behels moontlik instemming van die persoon wat die aandag gee.
- 4.3.4 Deur die woord γινώσκοντες in 1:19 dui die skrywer in die algemeen die besit van inligting aan.
- 4.3.5 Petrus verwys met προφητικὸν λόγον na die Ou Testament.
- 4.3.6 Die persone wat die profetiese woord het, is die apostels, wat tydens die verheerliking teenwoordig was en die ander apostels wat persoonlik die evangelie aan die lesers verkondig het.

- 4.3.7 Petrus beklemtoon dat die profetiese woord - die Ou Testament - baie betroubaar is. Daar kan tenvolle op gesteun word en dit het die vermoë om tenvolle van afhanklik te wees.
- 4.3.8 Deur die betroubaarheid van die profetiese woord te beklemtoon, laat Petrus geen onduidelikheid oor die betroubaarheid van die inligting wat die apostels aan die lesers oor die magtige koms van Jesus Christus bekend gemaak het nie. Dit wat deur die apostels bekend gemaak is, is op die profetiese woord gegrond en die profetiese woord is baie betroubaar.
- 4.3.9 Petrus roep die lesers op om noukeurig aandag te gee aan die betroubare profetiese woord.
- 4.3.10 Hy maak dit vir die lesers duidelik dat, indien hulle noukeurig ag gee op die profetiese woord, hulle in staat sal wees om vas te hou aan die inligting wat aan hulle bekend gemaak is aangaande die magtige koms van Jesus Christus. Te midde van die verwarring wat die valse leraars skep, sal hulle, indien hulle noukeurig op die profetiese woord let, nie verwar word nie. Hulle sal aan die inligting wat aan hulle bekend gemaak is, kan vashou totdat Jesus Christus, die Môrester, vir elkeen wat noukeurig ag gegee het, die ware lig bring met sy wederkoms.
- 4.3.11 Petrus maak duidelik dat die Ou Testament, waarop die inligting wat deur die apostels aan die lesers bekend gemaak is, nie tot stand gekom het deur die eie interpretasie van die profete aan wie God die openbaring gegee het nie. Die Ou Testament het 'n goddelike oorsprong: die profete is deur die Heilige Gees gedryf en wat hulle gespreek het, kom van God af.